Wat sê ons Hoof

Die Carel du Toit Sentrum is uniek. Ons leer dowe en gehoorsgestremde kinders om te praat en ons is die enigste Sentrum in die Wes-Kaap wat voorsiening maak vir die baie jong kind met 'n verhoorverlies. Kinders betree die program sodra 'n verhoorverlies gediagnoseer is. Daar kan geen vertraging in die aanvanklike intervensie wees nie, want gehoorverlies in die vroeë kinderjare is 'n neuro- ontwikkelings noodgeval. Sonder hulp sal hulle nooit hul volle potensiaal bereik nie.

Maar by ons Sentrum, toon die meerderheid kinders versnelde vordering in die aanleer van taal. Hulle oorkom die hindernisse wat veroorsaak word deur hul gehoorverlies en hulle verklein hul taalagterstand. Ons visie is vir die kinders om hul opvoeding in hoofstroomskole voort te sit en al ons ondersteuning maak dit vir ons moontlik om hierdie diens te kan lewer.

Oudiologie Nuus

Laasjaar het ons geleende apparate op een van ons jongste babas tot op hede –toe slegs 5 weke oud –gepas en ons is trots om te deel dat hy binnekort 'n jaar oud sal word en dat sy ontwikkeling op hierdie stadium ouderdoms-toepaslik plaasvind.

Die Departement Oudiologie leen gehoorapparate aan 'n kind tot hul eie gehoorapparate kan verkry. Die realiteit van die Sentrum is dat die gemiddelde ouderdom van die gehoortegnologie meer as 5 jaar is en byna al ons kinders nuwe en meer betroubare tegnologie benodig. Ons droom is om hulle te voorsien met 'n geskikte en moderne tegnologiese opgraderings, en nie net om bestaande toestelle aan die werk te hou nie.

Die Departement Oudiologie groei en ons het nou 'n pos vir 'n tweede oudioloog. Dit beteken dat die Sentrum se kinders toegang het tot vinniger en meer deeglike probleem-oplossing ondersteuning en dienste. Dankie aan almal vir u bydraes tot die dienste wat ons aanbied.

Ons kan CHAT

Vir 42 jaar is die kern van die Sentrum se metode Ouerleiding. Nou bekend as die CHAT Sentrum, skyn hul die kollig steeds op die mees noodsaaklike lede van ons span - Die Ouers.

Daar is towerkrag in die deel van 'n mens se persoonlike storie aan 'n groep mense wat daarmee kan assosieër. Dit is hoe ons die jaar afgeskop het met ons jaarlikse "CHATerrific" byeenkoms en die oorheersende gevoel was : "Ek is nie alleen nie". Deurlopende en nuwe inisiatiewe sluit die maandelikse ouer-ondersteuning byeenkomste in, klein onderneming opleiding, 'n Pa-ontbyt en ouer-tot-ouer telefoniese ondersteuning. Aan die einde van die dag gaan dit tog oor die kinders. Met 'n konstante vloei van verwysings na die Sentrum, is die goue standaard altyd vroeë intervensie. Ons nuutste babas is twee en drie maande oud.
Is hulle jonk genoeg? Beslis!

ONS WIL VAN JOU HOOR

Lojale ondersteuning van skenkers help ons voortgaan om dowe en gehoorgestremde kinders en hul gesinne te bemagtig om hul potensiaal te bereik. As u 'n donasie wil maak aan die Carel du Toit Trust, kan u dit doen via direkte deposito, EFT, aanlyn of debietorder.

Bankbesonderhede :
ABSA Bank Tak 632005 Parow
Rekening Nommer: 404 823 7586
Sluit asseblief u naam, van en kontakbesonderhede in sodat ons u op hoogte kan hou en u u belasting sertifikaat kan ontvang.

Kontak Kim Simpson en deel u e-pos adres met ons sodat u hierdie nuusbrief via e-pos kan ontvang of om te deregistreer.
Tel: +27 21 933 4578 **Faks:** +27 21 933 2774
E-pos: kims@careldutoit.co.za

www.facebook.com/careldutoit

Carel_du_Toit

www.careldutoit.co.za

U hulp bemagtig ons...

...so kan u help:

- Oorweeg 'n eenmalige of maandelikse skenking via die bank; bankbesonderhede word verskaf
- Word 'n GivenGain aktivis en samel fondse namens ons in
- Kies die Carel du Toit Trust om voordeel te trek uit u fondsinsameling pogings. Ons sal die nodige aansoekvorms aan u e-pos
- Nooi u familie, vriende en kollegas om 'n donasie te oorweeg
- Kontak ons of besoek ons webwerf om uit te vind hoe u 'n vrywilliger kan word of hoe u goedere en dienste kan skenk
- Nooi ons om met u kollegas by die werk te ontmoet en ons impak stories te deel
- Nomineer die Carel du Toit Sentrum vir u Makro en Woolworths MySchool lojaliteit kaarte

Kontak Valerie van der Merwe
E-pos: Valerie@careldutoit.co.za
Tel: +27 21 933 4578

CYCLE-4-SOUND

Wees 'n "sport" en ondersteun ons asseblief!
As u deelneem aan die
2016 Cape Town Cycle Tour
dan het ons die perfekte wen-wen scenario vir u.
Kontak ons indien u u plek wil verseker tot voordeel van ons organisasie.

E-pos: Ronnis@careldutoit.co.za
Tel: +27 21 933 4578

Spesiale besoekers hierdie jaar

Standvastige ondersteuner en plaaslike lid van die gemeenskap, Mnr. Leslie April , besoek ons in Junie en ontmoet die Trust se Kim Simpson en ook Jonene Johnson. Jonene is 'n ma van 'n leerder en bied familie ondersteuning aan ander ouers by die CHAT Sentrum.

David Geldenhuys van ARCH Retail Systems het sy kuier saam met Juffrou Beverly se klas in Julie geniet en die hele ARCH span het kort naardat besoek.

Dankie

Dit is nou meer as 42 jaar dat die Carel du Toit Sentrum bestaan en gesproke taal onderrig aan dowe en gehoorgestremde kinders bied, deur middel van vroeë intervensie en die diagnose van gehoorverlies. Ons fasiliteer natuurlike leerervarings deur 'n multi-dissiplinêre span van spesialiste.

Dit is alles as gevolg van u en u groot hart!

Die Carel du Toit Trust samel geld in vir die Carel du Toit Sentrum, waar dowe kinders leer praat.

Die Carel du Toit Trust reik Artikel 18A belasting sertifikate uit vir Suid-Afrikaanse burgers wat R100 of meer skenk. Versending van hierdie dokumente vind een keer per jaar plaas en u is welkom om ons kantoor te kontak indien u dit vroeër wil ontvang.

Die Carel du Toit Trust is 'n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie.

003-401 NPO

PBO Nr: 18/11/13/3124

Die Carel du Toit Sentrum het satelliet-takke in Bloemfontein en Oos-Londen.

U ondersteuning stel ons in staat om kinders met gehoorgestremdhede 'n geleentheid te bied om te leer praat en te integreer in 'n horende samelewing.

Carel du Toit Trust
Posbus 19169
Tygerberg
7505

Tel: +27 21 933 4578
Faks: +27 21 933 2774

www.careldutoit.co.za

HOOR HOE TROTS ONS IS

Oktober 2015

Ndapanda en haar ma, Lahja, het van Windhoek, Namibië gereis om die dienste van die Carel du Toit Sentrum in Kaapstad gebruik te maak. Na haar eerste drie maande as leerder by die Sentrum se program waar gehoorgestremde kinders leer praat, het Ndapanda se woordeskat uitgebrei van 15 tot 60 woorde en Lahja is verheug met die vordering tot op hede.

Die reis tot hier was nie maklik nie, en ook nie so progressief soos ideaal gehoop is nie. Die goeie nuus is dat Ndapanda twee kogleêre inplantings het en die ondersteuning van 'n multi-dissiplinêre span van onderwysers, terapeute en oudioloë hier by die Sentrum.

Ndapanda (huidiglik 6 jaar oud) is gediagnoseer met ernstige tot uitermatige gehoorverlies op 18 maande, nadat Lahja besef het dat haar dogtertjie nie haar stem erken nie. Die volgende ses maande moes sy gehoortoetse ondergaan by 'n oudioloog in Windhoek. Lahja herroep hoe moeilik dit was om die werklikheid van die toekoms wat hul in die gesig gestaar het te aanvaar, maar is nou in verwondering oor die goeie kwaliteit intervensie van die Sentrum vanaf hul eerste besoek in Februarie 2015.

Lahja glo dat die mees treffende impak van die Sentrum se intervensie die bemagtig van haar en ander ouers is om as vennote in die kind se vordering elke geleentheid te gebruik om hul kinders te leer.

Dit is 'n natuurlike proses vir 'n kind om te leer praat van woorde wat hulle hoor en om dit te kan assosieër met alles wat hul rondom hulle sien, maar 'n gehoorgestremde kind kan nie die assosiasies maak nie. Ndapanda het nou die geleentheid om haar volle potensiaal te bereik, net soos talle ander kinders in die program by die Carel du Toit Sentrum.

Kontak gerus die Carel du Toit Trust as u wil bydra tot die geskenk van gesproke taal aan gehoorgestremde kinders.